

Om doelbewus na vroue te luister

Madelein Gerber



Die NG Kerk is al 'n aantal jare lank besig om bedieningstrukture "oop" te maak, sodat vroue as gelykes aan die bediening van die kerk kan deelneem. Duisende vroue het sedertdien op kerkrade en kommissies begin dien. Sedert 1990 is vroue toegelaat tot die predikantsamp en het 'n groeiende aantal begin dien as gemeentepredikante. Die proses van die bemagtiging van vroue is egter 'n stadige een. Dikwels word oor vroue gepraat en nie altyd na hulle geluister nie.

Ontstaan en verloop

Die ADGO-taakspan vir vrouelidmate het in opdrag van die Algemene Sinode 'n studie uitgevoer om die geestelike behoeftes, bedieningsvoorkeure, drome, ideale en wense van vroue in ons kerk beter te verstaan. Daar moes vasgestel word wat die posisie van vroue in gemeentes is en hoe hulle gawes benut word. Die bedoeling van die navorsing was om doelbewus te luister na wat vroue werklik te sê het.

In die nadenke is data só aangebied dat veral gemeenteleiers dit kon gebruik om na te dink oor die posisie van vroue in hulle eie strukture. Die data moes gesprek stimuleer oor die benutting van die potensiaal van vroue.

1 027 vroue uit al tien sinodale streke het aan die studie deelgeneem. 45% van die vraelyste wat uitgestuur is, is terugontvang en verwerk. Die navorsing is gesinkroniseer met Kerkspieël en Buvton se gemeentenavorsing, sodat die data wat bekom is, vergelyk kon word met ander data oor gemeentes en die kerk in die breë.

Resultate

Enkele interessante resultate:

1. Vroue is gereed en bereid en droom daarvoor om sterker en méér leiding in die kerk te neem. Dit is egter jammer dat hulle nie die geleentheid kry nie (12% van respondente dien as leiers in gemeentes, terwyl 27% gewillig is om te dien).

2. Vroue is aktiewe lidmate op alle vlakke van die gemeente – erediensbywoning, fondsinsameling, kerkradslede, Bybelstudie en ander bedieninge – en vorm tans 'n gesonde kern in baie gemeentes. Die ontsluiting van hulle volle potensiaal kan die kerk net laat blom.

3. Die helfte van alle respondente staan in voltydse of deelydse beroepe. As die kerk die vrou wil bereik en haar potensiaal wil ontsluit, sal rekening gehou moet word met die situasie van die beroepsvrou wat in haar beroep baie vir die Koninkryk kan beteken.

4. Vroue het definitiewe voorkeure oor spiritualiteit en ondersteuningstrukture. Hulle:

○ Verkies aktiewe deelname en spontane meelewing eerder as passiewe luister.

○ Gee uitdrukking aan geloofslewe deur aanbidding (gebed) en lof (-sang).

○ Verkies strukture wat verhoudings bou, eerder as voorskriftelike strukture. Bybelstudiegroepe, omgee- en kleingroepe word benut, en is in aanvraag ten spyte van oorvol programme.

○ Het behoefte om ook binne portuurgroepe en belangegroepes bedien te word (vroue tussen 20 en 74 jaar).

○ Het behoefte aan sintuiglike ervaring en belewing, eerder as 'n fokus op die kognitiewe.

○ Glo die Bybel is die belangrikste bron van lering en die ankerpunt vir geestelike ervaringe.

○ Soek praktiese lewenswysheid eerder as dogmatiese kennis by geestelike byeenkomste.

5. By nood en gemeenskapsbetrokkenheid gee vroue voorkeur aan sake soos armoede, ongeletterd-

Vervolg op bl 7

vloed deur die "rolmodelle" van kerklike leiers.

Die "onderwyser-leer"-model beteken dat 'n student nie net by die onderwyser leer nie, maar deur nabootsing en identifisering ook die onderwyser se manier van dink, voel, doen en wees internaliseer.

Mans speel 'n massiewe rol in vroue se geloofsontwikkeling: haar pa, manlike onderwysers, godsdiensleiers en manlike predikante. Dit beïnvloed die manier waarop die vrou oor haarself en haar plek in die kerk dink. As ons in ag neem dat die ADGO-studie toon dat vroue hoofsaaklik hulle predikant as geestelike leier sien – en net 24% ervaring het van 'n vroulike predikant – is dit voor die hand liggend dat vroue nie geredelik aan hulleself as "leiers" dink nie.

Dit bring ook mee dat vroue dikwels worstel met "innerlike gesag". Ervarings van verwerping en teenstand bloot op grond van hulle geslag, strem hierdie ontwikkeling van innerlike gesag nóg meer. Sommige vroue voel gevolglik gemakliker met die tradisionele Marta-dienaarsrol as dié van leier in haar gemeente.

Leierskap as "partnership"*

(*Ek kies vir "partnership", aangesien die Afrikaanse term "vennootskap" konnotasies van besigheid en hiërargie dra.)

Ek wil dit waag om te veronderstel dat vroue meer geredelik as (geestelike) leiers in hul gemeentes sal dien – en sal wíl dien, sal kán dien en verwelkom sal word om te dien – as ons ons tradisionele denke rondom leierskap "uitpak". Dit sal beteken dat ons oorweeg

- wat "gesag" behels en waaraan ons outomaties gesag toesê;
- wat ons dink oor die voorveronderstellings wat

ons kontak met mekaar by vroue en mans kweek; en
○ dat ons die idee van "baasspelerige leiers" as onbybels sal ontbloot.

Christelike leierskap, in die voetspore van dié Een wat "nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien", is immers per definisie dienaarskap.

Leierskap is nie mag oor ander nie, maar bemagtiging van mekaar en ander. Dit is die leierskap van "partners" – 'n nie-hiërargiese leierskap van inklusiwiteit, gedeelde visie, gesag en verantwoordelikheid. In dié verband hou ek nogal van die beeld van 'n "rondetafel-ekklesiologie". Kom ons maak dit "ronde-nagmaalstafel-ekklesiologie"!

'Ons' is meer as ons geslag

Dit is uiters belangrik dat ons in dié verband praat van "ons" – vroue én mans. Om te verwys na 'n "vroulike" of "manlike" leierskapstyl, is altyd naïef, soms selfs gevaarlik. Ons is almal méér as net ons geslag.

Hierdie vrou se perspektief op leierskap is dus 'n vrou se perspektief op leierskap – en nie 'n "vroulike" perspektief op leierskap nie. Geleenthede moet dus doelbewus geskep word waar al die verskillende perspektiewe van mans en vrouens tot beter same-syn en besluitneming kan bydra. In só 'n inklusiewe omgewing sal die volle potensiaal van vrouens en mans net baie beter ontsluit kan word.

**Rethie van Niekerk is een van drie gemeenteleraars in die gemeente van Somerstrand in Port Elizabeth. Sy is voorsitter van die Ring van Port Elizabeth en dien op die Sinodale Kommissie van Oos-Kaapland en dié dagbestuur. Sy het ook tot onlangs gedien in die Taakspan van die Seisoen van Luister. Sy is besig met navorsing vir 'n D Phil in Etiek.*

Om doelbewus na vroue te luister

Van bl 3

heid en die verbrokkeling van gesinne – areas waar daar prakties en konkreet hulp verleen kan word. (Die volledige navorsingsverslag is beskikbaar. Stuur 'n e-pos aan ngkvroue@kaapkerk.co.za of laai dit af by www.gemeentes.co.za).

Uitdaging

Die resultate van die navorsingsverslag is die stem van 52% van die lidmate van die NG Kerk. Dit is 'n uitdaging vir elke gemeente om met nuwe oë

na die potensiaal van elke lidmaat te kyk – lieflike skatte wat dikwels nog ongepoëer in ons midde lê.

** Madelein Gerber is reeds 20 jaar lank as voorsitter betrokke by die Vrouebediening. Sy beklee sedert 2004 'n voltydse pos in die kantoor vir Vrouelidmate van die Wes- en Suid-Kaaplandse Sinode as koördineerder (Uitvoerende Beampte). Sy is ook lid van die Taakspan vir Vrouelidmate. Sy was lid van die ad hoc-komitees wat die navorsing bestuur en die verslag opgestel het.*